



Never too early, never too late!

Making time in a busy day to read to children, is an investment in their future, no matter what their age. These pleasurable times not only show children that you enjoy their company and care about them, but they build lifelong good memories of books and reading too!

Nooit te vroeg nie, nooit te laat nie!

Om in 'n besige dag tyd in te ruim om vir kinders te lees, is 'n belegging in hul toekoms, ongeag hoe oud hulle is. Hierdie genotvolle tye wys nie net vir kinders dat jy hul geselskap geniet en vir hulle omgee nie, maar skep ook vir hulle goeie herinneringe aan boeke en lees wat 'n leeftyd sal duur!

IT'S NEVER TOO EARLY!

- ★ Do you ever wonder how old children should be when you start reading to them? Maybe you think you should wait until they have learnt to read before you start. But would you wait until a baby understands what you are saying before you talk to him or her? No, because that would make learning to talk difficult! Well then, you shouldn't wait for children to be able to read by themselves before you regularly read to them.
- ★ Sharing books with pictures, rhymes and stories with babies, teaches them vocabulary and language – and it gets their brains thinking! It's also a wonderful way to relax and bond with a baby.
- ★ The more you read aloud and talk to babies, the more words they hear. Very soon you'll hear them using these words themselves!
- ★ Reading to babies helps them understand that print has meaning and teaches them how we tell stories.
- ★ Most importantly, when adults regularly read to babies and young children, these youngsters grow up seeing reading as fun and worthwhile. So, they are more likely to choose to read in their free time when they are older.



DIS NOOIT TE VROEG NIE!

- ★ Wonder jy ooit hoe oud kinders behoort te wees wanneer jy vir hulle begin lees? Miskien dink jy jy moet wag tot hulle self kan lees voor jy begin. Maar sou jy wag tot 'n baba verstaan wat jy sê voor jy met hom of haar begin praat? Nee, want dit sou dit moeilik maak om te leer praat! En daarom behoort jy ook nie te wag tot kinders self kan lees voor jy gereeld vir hulle begin lees nie.
- ★ Wanneer jy boeke met prente, rymies en stories met babas deel, leer hulle woordeskat en taal – en dit stimuleer hulle om te dink! Dit is ook 'n wonderlike manier om saam met 'n baba te ontspan en 'n band te vorm.
- ★ Hoe meer jy vir babas hardop lees en hardop met hulle praat, hoe meer woorde hoor hulle. Baie gou sal jy hoor hoe hulle self hierdie woorde gebruik!
- ★ Om vir babas te lees help hulle om te verstaan dat gedrukte teks betekenis het, en dit leer hulle hoe ons stories vertel.
- ★ Die belangrikste van alles is dat wanneer volwassenes gereeld vir babas lees, sal hulle lees sien as iets wat prettig en die moeite werd is wanneer hulle grootword. Hulle sal daarom meer geneig wees om in hul vrye tyd te lees wanneer hulle ouer is.



IT'S NEVER TOO LATE!

- ⌚ Is it too late to start reading to children when they are already at preschool or school? Just like it is never too early to start, it is also never too late to start! Children of all ages benefit from having someone read to them regularly.
- ⌚ When should you stop reading to children? Even once children have learnt to read, you can help them get better at it by reading books together that are too complicated for them to tackle on their own.



DIS NOOIT TE LAAT NIE!

- ⌚ Is dit te laat om vir kinders te begin lees wanneer hulle reeds in die kleuterskool of skool is? Net soos wat dit nooit te vroeg is om te begin nie, is dit ook nooit te laat nie! Kinders van alle ouderdomme baat daarby as iemand gereeld vir hulle hardop lees.
- ⌚ Wanneer moet jy ophou om vir kinders te lees? Selfs wanneer kinders al self kan lees, kan jy hulle help om beter te lees deur saam met hulle boeke te lees wat te moeilik is vir hulle om op hul eie te lees.



Did you know?

- the more children read,
- the better they become at reading, and
- the more pleasure they get from it, so,
- they are more likely to choose to read.

Do you need advice on reading aloud to children? You can find lots of ideas and guidance in our "How to guides" in the "Storytelling" section of the Nalibali website – www.nalibali.org.

Het jy geweet?

- Hoe meer kinders lees,
- hoe beter lees hulle, en
- hoe meer geniet hulle dit, daarom
- sal hulle meer geneig wees om te wil lees.

Het jy advies nodig oor hoe om vir kinders hardop te lees? Jy kan talle idees en leiding vind in ons "How to guides" in die "Storytelling"-afdeling van die Nalibali-webwerf – www.nalibali.org.



Drive your
imagination



IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.

Stories@school

Making stories part of the physical environment of your school sends a clear message to everyone that your school believes in the importance of reading and storytelling. Here are some practical ways you can do this.

- ✏ Create a notice board where children can post information about what they are reading. Write a heading for the notice board, for example, "What we are reading" or "Our reading". Then leave slips of paper next to the board for children to express whatever they want to about a book, and pin this onto the board. The slips should have space for the child to write the title of the book, the author and a comment about it. You might also want to include some star shapes at the bottom for the child to colour in depending on how much they enjoyed the book.
- ✏ Find some wall space in the staffroom to display information about books, authors, illustrators, literacy articles and activity ideas for the staff to read. Make sure to change these regularly to keep them fresh and interesting.
- ✏ Paint a wall in the playground with chalkboard paint and supply chalk for children to write or draw their stories on it. Children could also have fun continuing another child's story thread. Encourage them to leave positive comments on the wall about the stories they have read.
- ✏ Find inspiring quotes about reading and writing in books and on the internet. Translate the quotes into all the languages spoken at your school and copy each quote in large writing onto a separate sheet of paper. Display the quotes around your school to inspire everyone, including visitors!



Stories by die skool

Deur stories deel van die fisiese omgewing van julle skool te maak, stuur julle 'n duidelike boodskap aan almal dat julle skool glo dat lees en die vertel van stories belangrik is. Hier volg 'n paar praktiese maniere waarop julle dit kan doen.

- ✏ Maak 'n kennisgewingbord waar kinders inligting kan vassteek oor dit wat hulle lees. Skryf 'n opskrif vir die kennisgewingbord, byvoorbeeld, "Wat ons lees" of "Ons lees ...". Los dan velletjies papier langs die bord sodat kinders kan neerskryf wat hulle van 'n boek dink, en dit teen die bord kan vassteek. Die papier behoort plek te hê vir die titel van die boek, die skrywer se naam en kommentaar oor die boek. Jy kan ook sterretjies onder aan die vel papier insluit wat die kind kan inkleur om te wys hoe baie hulle van die boek gehou het.
- ✏ Maak plek teen een van die mure in die personeelkamer om inligting oor boeke, skrywers, illustreerders, artikels oor geleterdheid en aktiwiteitsidees vir die personeel uit te stal. Maak seker jy verander dit gereeld om dit vars en interessant te hou.
- ✏ Verf 'n muur op die speelgrond met swartbordverf en gee vir kinders bordkryt om hulle stories daarop te skryf. Kinders kan ook pret hê deur 'n ander kind se storie verder te vertel. Moedig hulle aan om positiewe kommentaar op die muur te skryf oor die stories wat hulle gelees het.
- ✏ Vind inspirerende aanhalings oor lees en skryf in boeke en op die internet. Vertaal die aanhalings in al die tale wat by julle skool gepraat word, en skryf elke aanhaling in groot letters op 'n afsonderlike vel papier. Stal die aanhalings oral in die skool uit om almal, ook besoekers, te inspireer!



**WIN!
WEN!**



For a chance to win some Book Dash books, write a review of the story, *Who's that baby?* (pages 7 to 10), and email it to team@bookdash.org, or take a photo and tweet us at [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). Remember to include your full name, age and contact details.

Vir 'n kans om boeke van Book Dash te wen, skryf 'n resensie van die storie, *Wie's daai baba?* (bladsye 7 tot 10), en stuur dit per e-pos aan team@bookdash.org, of neem 'n foto en stuur vir ons 'n twiet by [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). Onthou om jou volle naam, ouderdom en kontakbesonderhede in te sluit.

**book
dash**



Drive your
imagination

Reading club corner



Leesklubhoekie

When adults write, they always do so for real reasons, and one of these reasons is to communicate with others. When children are learning to write, they need to know not only *how* to write, but also *why* we write. They need to have real reasons to write. The Diaconia/Nal'ibali reading clubs from the NG Kerk Murray, in De Doorns, Western Cape have been doing just that!

Nal'ibali's Righardt Le Roux explains, "At our reading club sessions children spend time enjoying books and reading. We also talk about everyday events and situations happening around us and further away. Then we offer children opportunities to respond to these in ways that are meaningful to them, for example, by using drawing and writing."

"In February 2019, the tragedy that happened at Hoërskool Driehoek in Vanderbijlpark, Gauteng was in the news. A concrete slab above a corridor linking two blocks of buildings at the school, fell on 26 pupils, killing four and injuring several others. Some of the children at our clubs had heard about this and so we discussed it at our clubs' sessions. Afterwards the children decided to make cards to show support and offer encouragement to the affected families and pupils at the school. We sent all the cards to Hoërskool Driehoek. The children from our clubs were reaching out with love and compassion, and used drawing and writing to express their thoughts and feelings."

What a wonderful way for children to learn about the power of writing!

Wanneer volwassenes skryf, doen hulle dit altyd om werklike redes, en een hiervan is om met ander te kommunikeer. Wanneer kinders leer skryf, moet hulle nie slegs weet *hoe* om te skryf nie, maar ook *hoekom* ons skryf. Hulle het werklike redes nodig om te skryf. Die Diaconia/Nal'ibali-leesklubs van die NG Kerk Murray, in De Doorns, in die Wes-Kaap, doen presies dit!

Nal'ibali se Righardt Le Roux verduidelik: "By ons leesklubsessies geniet kinders boeke en lees. Ons gesels ook oor daaglikse gebeure en situasies wat om ons en verder weg gebeur. Dan gee ons vir die kinders geleenthede om hierop te reageer op maniere wat vir hulle sinvol is, byvoorbeeld deur te teken en te skryf."



Wade Ferdies from De Doorns writing to Hoërskool Driehoek.

Wade Ferdies van De Doorns skryf aan Hoërskool Driehoek.

"In Februarie 2019 het die tragedie wat by Hoërskool Driehoek in Vanderbijlpark, Gauteng afgespeel het, die nuus gehaal. 'n Betonblad bo 'n loopgang wat twee geboue by die skool met mekaar verbind, het op 26 leerders geval. Vier leerders is dood en talle is beseer. Sommige van die kinders by ons klubs het hiervan gehoor, en ons het dit dus by ons klubsessies bespreek. Na die tyd het die kinders besluit om kaartjies te maak om hul ondersteuning vir die families en leerders van die skool wat geraak is, te wys, en om hulle te bemoedig. Ons het al die kaartjies na Hoërskool Driehoek gestuur. Die kinders van ons klubs het met liefde en medelye uitgereik, en hul gedagtes en gevoelens uitgedruk deur te teken en te skryf."

Wat 'n wonderlike manier vir kinders om oor die krag van skryf te leer!

Collect the Nal'ibali characters

Cut out and keep all your favourite Nal'ibali characters and then use them to create your own pictures, posters, stories or anything else you can think of!

About Bella

Age: 5

Lives with: her mom and Noodle

Friends: Neo and Priya

Pet: Noodle

Favourite colour: green

Favourite outing: the beach

Likes stories about: queens, princesses, witches and animals



Versamel die Nal'ibali-karakters

Versamel al jou gunsteling Nal'ibali-karakters deur hulle uit te knip en dan te gebruik om jou eie prente, plakkate, stories, of enigiets anders waaraan jy kan dink, te maak!

Oor Bella

Ouderdom: 5

Woon saam met: haar ma en Noodle

Maats: Neo en Priya

Troeteldier: Noodle

Gunstelingkleur: groen

Gunsteling-uitstappie: die strand

Hou van stories oor: koninginne, prinsesse, hekse en diere

Here's an idea ...

✂ Cut out and colour in the picture of Bella. Then paste the picture on a large sheet of paper. What do you think Bella's story is about? Draw a box next to Bella. Write the words from the page of the story that Bella is reading. You could also draw your own picture to go with these words!

✂ Keep the picture in a safe place and when you have collected all the Nal'ibali characters, use them to create your own Nal'ibali poster!

Hier's 'n idee ...

✂ Knip die prent van Bella uit en kleur dit in. Plak dan die prent op 'n groot vel papier. Waaroor dink jy gaan Bella se storie? Teken 'n kassie langs Bella. Skryf die woorde van die storie wat Bella lees in die kassie. Jy kan ook jou eie prent teken wat by hierdie woorde pas!

✂ Bêre die prent op 'n veilige plek, en wanneer jy al die Nal'ibali-karakters versamel het, gebruik dit om jou eie Nal'ibali-plakkaat te maak!



Here are some of the reviews that our readers have sent us of stories that have appeared in past **Nal'ibali Supplements**. What have been your favourite stories? Write to us and let us know!

Hier volg van die resensies wat ons lesers vir ons gestuur het van stories wat in vorige **Nal'ibali**-bylaes verskyn het. Wat was jou gunstelingstories? Skryf aan ons en vertel vir ons!

Dear Nal'ibali

I write this email on behalf of my nephew who is 8 years old. He has a new interest in reading isiZulu because of *Unathi and the dirty, smelly beast* (Edition 141). It was a simple and stimulating read for both of us. The illustrations were our favourite part as they were equally entertaining and informative. Thank you for this little story about chance, friendship and mischief!

Gontse Madopi



Beste Nal'ibali


Ek skryf hierdie e-pos namens my nefie, wat 8 jaar oud is. Hy stel opnuut belang om isiZulu te lees as gevolg van *Unathi en die smerige, stink diersie* (Uitgawe 141). Dit was 'n eenvoudige en stimulerende storie vir albei van ons. Die illustrasies was ons gunstelingdeel, want hulle was vermaaklik en leersaam. Dankie vir hierdie storie oor kanse, vriendskap en kattekwaad!

Gontse Madopi

Dear Nal'ibali

My dream in the drawer (Edition 142) is an encouraging and realistic story about dreams. It concisely gives the value of a dream. The young boy's dream starts in a drawer – the worst place you can think of. But what is in your mind? What is your dream? What can you do to fulfil your dream? The story states the importance of dreams and that all dreams are valuable.

Leona Kokerai



Beste Nal'ibali

My dream in the drawer (Uitgawe 142) is 'n bemoedigende en realistiese storie oor drome. Dit verduidelik bondig wat die waarde van 'n droom is. Die jong seun se droom begin in 'n laai – die slegste plek waaraan jy kan dink. Maar wat is in jou gedagtes? Wat is jou droom? Wat kan jy doen om jou droom te laat waar word? Die storie wys hoe belangrik drome is en dat alle drome waarde het.

Leona Kokerai

Dear Nal'ibali ... Beste Nal'ibali ...

WRITE TO US! SKRYF AAN ONS!

The Nal'ibali Supplement
The Nal'ibali Trust
Suite 17-201, Building 17
Waverley Business Park
Wycroft Road
Mowbray
7700
info@nalibali.org



Dear Nal'ibali

Thank you for an amazing World Read Aloud Day story! The children at our school loved *Where are you?* (Edition 150). At the beginning of the day, all the teachers read the story to the children in their classes. We had prepared for the day by asking the children to collect and bring in plastic bottles. Then after we had read the story to them, they spent time trying to walk around balancing the bottles on their heads – just like the children in the story. We finished off with the children doing the other "Get story active!" activities on page 15. Thank you for helping our children to have a fun World Read Aloud Day 2019.

Mrs Cynthia Dlamini



Beste Nal'ibali

Dankie vir 'n wonderlike storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees! Die kinders by ons skool was dol oor *Waar is jy?* (Uitgawe 150). Aan die begin van die dag het al die onderwysers die storie vir die kinders in hul klasse gelees. Ons het vir die dag voorberei deur vir die kinders te vra om plastiekbottels te versamel en saam te bring. Nadat ons die storie vir hulle gelees het, het hulle probeer om die bottels op hul koppe te balanseer – net soos die kinders in die storie gedoen het. Ons het afgesluit deur die kinders die ander "Raak doenig met stories!"-aktiwiteite op bladsy 15 te laat doen. Dankie dat julle ons kinders gehelp het om 'n prettige Wêrelddag vir Hardop Lees 2019 te hê.

Mev. Cynthia Dlamini

Create TWO cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. The sheet with pages 5, 6, 11 and 12 on it makes up one book. The sheet with pages 7, 8, 9 and 10 on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again along the green dotted line.
 - c) Cut along the red dotted lines.




Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye 5, 6, 11 en 12 daarop, maak een boek. Die vel met bladsye 7, 8, 9 en 10 daarop, maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hieronder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - c) Knip uit op die rooi stippellyne.



Drive your
imagination

Visse hou ons lewend.



Fish keep us alive.



This is an adapted version of *I am water*, published by New Africa Books and available in bookstores and online from www.newafricabooks.com, www.loot.co.za and www.takealot.com. This story is available in the eleven official South African languages and is part of the New African Stories series – a series of beautifully illustrated children's stories collected from across Africa.

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Ek is water*, uitgegee deur New Africa Books en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.newafricabooks.com, www.loot.co.za en www.takealot.com. Hierdie storie is in die elf amptelike Suid-Afrikaanse tale beskikbaar en is deel van die reeks, Nuwe Stories uit Afrika – 'n reeks pragtig geïllustreerde kinderstories van oral oor Afrika.

dp davidphilip
Trading as **New Africa Books**

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your imagination



Visse woon in water.

Fish live in water.


I am water Ek is water

Thembinkosi Kohli
Elna van der Merwe





Ons is water en water is ons.



Water helps the sunflower grow.


Water help die sonneblom groei.



We swim in clean water.


Ons swem in skoon water.

My hande waai. Daai baba se
hande waai.



My waving hands. That baby's
waving hands.

Wie's daai baba?



Who's that baby?



Who's that baby?
Wie's daai baba?

Natalie Hinrichsen • Tamsin Hinrichsen
Chisanga Mukuka • Georgia Demertzis



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi




Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your
imagination





Oh, no! That baby's gone!
Ag, nee! Daai baba is weg!


Oh? That baby's gone!




I make a funny face. So does that baby.

Ek trek 'n snaakse gesig. En die baba ook.


Wie's daai baba?



My tone wikkell. Daai baba se
tone wikkell!



My wiggly toes. That baby's wiggly toes!



That baby can walk. Just like me.

Daai baba kan stap. Nes ek.

Who is that baby?
Wie's daai baba?



My cute nose. That baby's cute nose.





My oulike neusie. Daai baba se
oulike neusie.



9

Moenie vullis in die water gooi nie.

Do not throw rubbish into water.



3

Wake up! Wake up!
Turn off the tap!


Word wakker! Word wakker!
Draai toe die kraan!

11



Water helps the tree grow.

Water help die boom groei.



We are water and water is us.

14


11

Water was my karretjie.



Water washes my toy car.

We drink water.



Ons drink water.

I collect water from the clouds.
Ek kry water uit die wolke.



Clean water helps
us live.

Skoon water help
ons leef.



Please turn off the
taps and save water.

Draai asseblief
die krane toe en
spaar water.



Get story active!

Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the Nal'ibali Supplement: *I am water* (pages 5, 6, 11 and 12), *Who's that baby?* (pages 7 to 10) and *The sad queen and the tickler* (page 14).

I am water

This book shares the author's ideas about the importance of water.

1. Which message from the book do you think is the most important? Write it on the empty notice board below.
2. What other messages about water – from the book or your own – would you like to tell people? Write some of them on the notice board.
3. Use colour and drawings to make your notice board more eye-catching.
4. Cut it out and display it where other people will see it.

Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar aktiwiteite wat julle kan probeer. Dit is op die volgende stories in hierdie uitgawe van die Nal'ibali-bylae gebaseer: *Ek is water* (bladsye 5, 6, 11 en 12), *Wie's daai baba?* (bladsye 7 tot 10) en *Die hartseer koningin en die skatersmous* (bladsy 15).

Ek is water

Hierdie boek deel die skrywer se idees oor die belangrikheid van water.

1. Watter boodskap in die boek dink jy is die belangrikste? Skryf dit op die leë kennisgewingbord hieronder.
2. Watter ander boodskappe oor water – uit die boek of jou eie – sal jy graag vir mense wil vertel? Skryf van hulle op die kennisgewingbord.
3. Gebruik kleur en tekeninge om jou kennisgewingbord te laat uitstaan.
4. Knip dit uit en stal dit uit waar ander mense dit sal sien.



Who's that baby?

- Read this story to a baby or toddler. Do the actions as you read, for example, wiggle your toes, wave your hands and point to your nose.
- Look in a mirror and make a funny face. Now draw a mirror and then draw the funny face you saw, on your mirror. Write a short rhyming poem to go with your picture.



Wie's daai baba?

- Lees hierdie storie vir 'n baba of kleuter. Doen al die aksies terwyl julle lees, byvoorbeeld, wikkels julle tone, waai julle hande en wys na jul neuse.
- Kyk in 'n spieël en trek 'n snaakse gesig. Teken nou 'n spieël en teken dan die snaakse gesig wat jy gesien het op jou spieël. Skryf 'n kort rymende gediggie om by jou prent te pas.



The sad queen and the tickler

- Talk about what makes you feel better when you're feeling sad. Can you think of different ways to cheer someone up when they are feeling sad? Share as many different ideas as you can – there are no right or wrong answers!
- Draw your own "before" (when the queen was sad) and "after" (when the queen was happy) pictures of the queen.



Die hartseer koningin en die skatersmous

- Gesels oor dit wat jou laat beter voel wanneer jy hartseer is. Kan jy aan verskillende maniere dink om iemand op te kikker wanneer hulle hartseer voel? Deel soveel moontlik verskillende idees – daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie!
- Teken jou eie "voor" (toe die koningin hartseer was) en "na" (toe die koningin gelukkig was) prente van die koningin.



Drive your imagination



The sad queen and the tickler

By Phumlani Mavimbela ■ Illustrations by Jiggs Snaddon-Wood



There was once a sad queen who always had a frown on her face. Nothing made her smile, not even cake ... and cake makes everyone smile! The queen was wealthy as she had many cows, but even that was not enough to turn her frown into a smile.

Every morning when the queen sat at the table, she barely touched her food. She did not speak to anyone, not even to the talkative king, and everyone spoke to the king.

When the traditional healer came to examine the queen, he decided she had a condition called "*Miimoo*". He said it made your face look sad when you said that word slowly.

"Is there a way to cure her?" asked the king.

"Have you tried giving her cake?" asked the healer.

"Yes, we have, many times. She just frowns at it," answered the king.

"That is terrible! No one frowns at cake," said the healer.

"That's what I thought too," said the king.

"Then we will have to call the tickler. She will have the queen smiling in no time," decided the healer.

It was yet another blue Monday for the sad queen when the tickler came rattling in with all sorts of colourful toy-like objects.

"What are all these ridiculous things you bring to my kingdom?" asked the king.

"You mean these beauties," said the tickler. "These are my *ketiing-ketiing*."

"What a strange name," said the king.

"It's really simple. I call them that because *ketiing-ketiing* is the sound they make when they are used together," said the tickler. "Now tell me, what's wrong with the queen?"

"Well, she is sad and has been for six years, eight months, three weeks and two days," explained the king. "Do you think you can help?"

The tickler pulled a big trumpet out of her tiny pocket and blew it near the queen's ear. Instead of a trumpety *pee-pee-de-pee*, the trumpet burped!

The king thought this was very funny and he laughed. Even the sour-looking guards giggled, but not the sad queen. In fact, she just looked sadder than before.

"That's quite an odd trumpet you have there," laughed the king.

"Oh, this is a trump-burp," said the tickler. "It is my funniest *ketiing-ketiing*. Or at least I thought it was, but it has not stopped the queen from frowning."

The tickler then reached into her bag and pulled out a tiny feather the size of her smallest finger. "This is sure to work," she said and tested the feather on the king. It only took a little wiggle of the feather on the end of his nose for the king to start giggling.



"Now let's try this on the sad queen," said the tickler and she wiggled the feather on the end of the queen's nose. Nothing! Not even a silly little smile! Instead, the queen just sighed.

"Oh dear, this has never happened before. The giggly-feather has never failed," said the tickler. "Are you sure the queen is just sad and not ill?"

"She's definitely sad," said the king. "Look at her! She always has that frown, and her hand is always against her cheek. She sighs often too."

"Then I had better try one more *ketiing-ketiing*," said the tickler as she reached into her bag and pulled out a ball of dough. "Where's your kitchen?" she asked.

The royal guards showed the tickler where the kitchen was, and there she used her ball of dough to bake a pie. This pie smelt different from the pies the guards had smelt before.



"What's wrong with your pie?" asked one of the guards. "It smells like my favourite dish that my grandmother used to make."

"There's nothing wrong with the pie. It's a happy pie. It smells different to everyone because it smells like whatever makes you happy," explained the tickler.

The tickler cut a large slice of pie and presented it to her royal highness. When the queen sniffed the pleasant smell, she burst into tears.

"Now look, you've made things worse!" said the king to the tickler.

"Look again," said the tickler.

The king looked at the queen. She was smiling and in tears!

"Those are tears of happiness," said the tickler.

The queen kept scooping spoonful after spoonful of pie into her mouth. As she did, she explained that the pie reminded her of her daughter, whom she missed terribly. Soon the queen had eaten the whole pie. It was so scrumptious that she even licked the plate clean.

The king was so happy to see his wife smiling again after six years, eight months, three weeks and two days.

The next morning, the king and the not-so-sad queen visited their daughter. They found out that the princess had also been sad because she was apart from her parents. So, from then on, they visited each other often. The queen was once again a happy queen ... even when she saw cake. And, all of this, because of the clever tickler.





Die hartseer koningin en die skatersmous

Deur Phumlani Mavimbela ■ Illustrasies deur Jiggs Snaddon-Wood



Daar was eenmaal 'n hartseer koningin wat altyd 'n frons op haar gesig gehad het. Niks kon haar laat glimlag nie, nie eens koek nie ... en koek laat almal glimlag! Die koningin was ryk, want sy het baie koeie gehad, maar nie eens dit was genoeg om haar frons in 'n glimlag te verander nie.

Elke oggend aan die ontbyttafel, raak die koningin skaars aan haar kos. Sy praat met niemand nie, nie eens met die kletserige koning nie, en almal praat met die koning.

Toe die tradisionele heler die koningin kom ondersoek, besluit hy sy ly aan 'n toestand wat "*Miimoo*" genoem word. Hy sê dit laat 'n mens se gesig hartseer lyk wanneer jy daardie woord stadig sê.

"Hoe kan ons haar gesond maak?" vra die koning.

"Het u al probeer om vir haar koek te gee?" vra die heler.

"Ja, ons het, al talle kere. Sy frons net wanneer sy daarna kyk," antwoord die koning.

"Dis verskriklik! Niemand frons vir koek nie," sê die heler.

"Dis wat ek ook gedink het," sê die koning.

"Dan sal ons die skatersmous moet laat kom. Sy sal die koningin in 'n japtrap laat glimlag," besluit die heler.

Dit was net nog 'n blou Maandag vir die hartseer koningin toe die skatersmous ingeratel kom met allerhande kleurvolle voorwerpe wat soos speelgoed lyk.

"Wat is al hierdie verspotte goed wat jy na my koninkryk bring?" vra die koning.

"Jy bedoel hierdie pragstukke," sê die skatersmous. "Dit is my *ketiing-ketiing*."

"Wat 'n vreemde naam," sê die koning.

"Dis regtig eenvoudig. Ek noem dit so omdat *ketiing-ketiing* die geluid is wat dit maak wanneer dit saam gebruik word," sê die skatersmous. "Maar sê vir my, wat is fout met die koningin?"

"Wel, sy is hartseer en is al ses jaar, agt maande, drie weke en twee dae lank hartseer," verduidelik die koning. "Dink jy jy kan help?"

Die skatersmous haal 'n groot trompet uit die klein sakkie op haar rok en blaas dit naby die koningin se oor. In plaas van 'n trompetterige *pee-pee-de-pee*, maak dit 'n baie snaakse geluid!

Die koning skaterlag. Selfs die suorgesig wagte giggel, maar nie die hartseer koningin nie. Trouens, sy lyk nog hartseerder as voorheen.

"Dis nogal 'n vreemde trompet wat jy daar het. Dit klink soos 'n olifant," lag die koning.

"Dis omdat hierdie 'n trompetter is," sê die skatersmous. "Dit is my snaakste *ketiing-ketiing*. Of dis wat ek gedink het, maar dit het nie die koningin se frons laat verdwyn nie."

Die skatersmous steek haar hand in haar handsak en trek 'n klein veertjie, so groot soos haar pinkie, uit. "Dit behoort die ding te doen," sê sy en toets die veer op die koning. Sy kielie die koning net een keer met die veer op die punt van sy neus en toe begin hy giggel.



"Kom ons probeer dit nou op die hartseer koningin," sê die skatersmous, en sy kielie die punt van die koningin se neus met die veertjie. Niks! Nie eens 'n effense glimlaggie nie! Die koningin sug net.

"Ai tog, dit het nog nooit voorheen gebeur nie. Die giggelveer het nog altyd gewerk," sê die skatersmous. "Is u seker die koningin is net hartseer en nie siek nie?"

"Sy's beslis hartseer," sê die koning. "Kyk na haar! Sy frons altyd, en sy sit heeltyd met haar hand teen haar wang. Sy sug ook dikwels."

"Dan moet ek nog een *ketiing-ketiing* probeer," sê die skatersmous terwyl sy haar hand in haar handsak steek en 'n bol deeg uithaal. "Waar's die kombuis?" vra sy.

Die koninklike wagte wys vir die skatersmous waar die kombuis is, en daar gebruik sy die bol deeg om 'n pastei mee te bak. Hierdie pastei ruik anders as die pastei wat die wagte al voorheen geruik het.



"Wat's fout met jou pastei?" vra een van die wagte. "Dit ruik soos my gunstelingdis wat my ouma altyd gemaak het."

"Daar's niks fout met die pastei nie. Dit is 'n gelukspastei. Dit ruik vir almal anders, want dit ruik na iets wat *jou* gelukkig maak," verduidelik die skatersmous.

Die skatersmous sny 'n groot skyf van die pastei en bied dit vir haar koninklike hoogheid aan. Toe die koningin die heerlike pastei ruik, bars sy in trane uit.

"Nou het jy dinge net erger gemaak!" sê die koning vir die skatersmous.

"Kyk weer," sê die skatersmous.

Die koning kyk na die koningin. Sy glimlag, maar sy is ook in trane!

"Dis trane van blydschap," sê die skatersmous.

Die koningin eet lepels vol van die pastei. Terwyl sy dit doen, verduidelik sy dat die pastei haar aan haar dogter herinner na wie sy vreeslik verlang. Sommer gou het die koningin die hele pastei opgeëet. Dit is so smullekker dat sy selfs die bord uitlek.

Die koning is so bly om sy vrou weer na ses jaar, agt maande, drie weke en twee dae te sien glimlag.

Die volgende oggend gaan besoek die koning en die nie-so-hartseer koningin hul dogter. Hulle vind uit dat die prinses ook hartseer was omdat sy na haar ouers verlang. Van toe af kuier hulle gereeld by mekaar. Die koningin is weer 'n gelukkige koningin ... selfs wanneer sy koek sien. En dis alles te danke aan die slim skatersmous.



Nal'ibali fun

Nal'ibali-pret



1. Complete the picture!

1. Follow the letters of the alphabet to connect the dots and complete the picture.
2. Then write a title for the book Bella is reading.
3. Colour in the picture, and in the empty space, draw other details that tell us more about Bella. Use the facts about her on page 3 of this supplement to help you.

Voltooi die prent!

1. Volg die letters van die alfabet om die kolletjies te verbind en die prent te voltooi.
2. Skryf dan 'n titel vir die boek wat Bella lees.
3. Kleur die prent in, en teken dan in die leë spasie nog dinge by wat ons meer vertel van Bella. Gebruik die feite oor haar op bladsy 3 van hierdie bylae om jou te help.



2. Tell a story!

Use your imagination to complete the story. Tell a friend or parent your story.



Flying Lerato

One day, long ago, a girl called Lerato was walking through the veld when she saw a little black pig fast asleep under a bush.

"Aha," said Lerato. "We will eat well tonight."

Lerato grabbed the little pig, but to her surprise, it squeaked, "Please, let me go! I'll reward you - I'm a magic pig."

Lerato stared at the pig. "What will you give me?" she asked.

"Well, for one week," said the pig, "you'll be able to fly like a bird in the sky ..."

Vertel 'n storie!

Gebruik jou verbeelding om die storie te voltooi. Vertel vir 'n maat of een van jou ouers jou storie.

Lerato leer vlieg

Eendag, lank, lank gelede, stap 'n meisie met die naam Lerato deur die veld toe sy 'n klein swart varkie vas aan die slaap onder 'n bos teëkom.

"Aha," sê Lerato. "Vanaand gaan ons lekker eet."

Lerato gryp die klein varkie, maar tot haar verbasing skree die varkie: "Laat my asseblief vry! Ek sal jou beloon - ek is 'n towervarkie."

Lerato staar na die varkie. "Wat sal jy my gee?" vra sy.

"Wel," sê die varkie, "vir 'n week lank sal jy soos 'n voël in die lug kan vlieg ..."



Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us by calling our call centre on 02 11 80 40 80, or in any of these ways:

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Skakel ons inbelsentrum by 02 11 80 40 80, of kontak ons op een van die volgende maniere:



www.nalibali.org



www.nalibali.mobi



[nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA)



[@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA)



[@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA)



info@nalibali.org

Produced by The Nal'ibali Trust and Tiso Blackstar Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

Sowetan
IN THE KNOW ON THE MOVE.



Drive your
imagination

